# From the editor • Van die redakteur

## Geweld en die Huisarts

'KONTAK' is 'n beweging wat uit Afrikanergeledere gebore is. Vandag word dit landswyd verteenwoordig en betrek alle bevolkingsgroepe. Hulle kondig 'n nasionale welwillendheidsdag aan vir 21 Maart, en ons moedig graag ons lesers aan om daaraan deel te neem. Besonderhede van die dag verskyn agter in hierdie uitgawe.

U kan maklik wonder wat dié liggaam nou eintlik met geneeskunde en huisartse te doen het? Soos Kontak het ons beide as huisartse en as landsburgers 'n direkte belang by 'n toekoms waar ons almal in Suid-Afrika in vrede kan saamleef.

Onrus, wantroue, vrees en haat het 'n direkte invloed op die gesondheid van ons pasiënte. Dan praat ons nog nie eens van al die leed wat die huidige spiraal van geweld veroorsaak nie. Al hierdie dinge vergroot ons werkslas, verhoog die kostes van mediese dienslewering, en bring dikwels geweldige moeilike medies-etiese probleme na vore. Ek ken 'n kollega wat onder dwang van 'n magistraat besonderhede oor sy pasiënte verstrek het. Die pasiënte is as gevolg daarvan gearresteer en sy verhouding met die mense in die omgewing is daardeur 'n geweldige knou toegedien.

Ten einde voorkomend op te tree binne die huidige spiraal, help dit om die saak eers te ontleed.

Professor Klaus Nürnberger het in 'n lesing oor versoening die saak min of meer soos volg uiteengesit.

Die spiraal van geweld waarin ons onsself bevind, het vier elemente wat ook al in ander soortgelyke onrussituasies in die wêreld na vore gekom het. Daar is eerstens 'n verdeling van die gemeenskap tussen dié wat mag en sê het – en strukture wat dit in stand hou – en dié wat dit nie het nie. Hierdie strukturele geweld is vir Afrikaners bekend uit die dae waarin die Engelse administrasie teen ons gediskrimineer het. Hierop volg rebellie of rewolusionêre geweld, wat op sy beurt weer gewelddadig onderdruk word. In sulke tye gebeur dit dan ook dikwels dat die gewone bevolking in wanhoop en woede amok maak en destruktiewe geweld pleeg deur simbole van die onderdrukker sommer voor die voet te vernietig, al doen hulle hulself ook in die proses leed aan.

Dit lyk of daar vier moontlikhede vir ons voorlê.

1. Die blanke minderheid behou kontrole met 'n ysterhand, soos in kommunistiese lande. Dit is nie die huidige regering se beleid, of 'n gewenste moontlikheid nie.
2. 'n Suksesvolle, vinnige rewolusie, soos baie mense hoop en wensdink. Enige realis sal weet dat dit eenvoudig net nie haalbaar is nie.
3. 'n Eindelose spiraal van geweld, soos in Noord-Ierland. Na twintig of dertig jaar sal daar niks meer van die gemeenskapstrukture en die ekonomie oorbly nie. Daar sal ook geen wenners wees nie.
4. Laastens kan die bevoorregtes doelgerig en met verdrag die onwaarskynlike doen en hul voorregte met almal deel. Sodoende bestaan daar 'n moontlikheid waarin die spiraal van geweld halt geroep kan word, voordat alles vernietig is.

**Kontak** is besig om mense bymekaar te bring en dus die laasgenoemde moontlikheid te bevorder. Dié wat regte en voorregte opeis, ontmoet dié wat dit beheer en kom tot wedersydse begrip. Daarsonder is daar nie vir ons 'n toekoms nie.

In die geneeskunde moet ons ook bou aan 'n toekomstige bedeling. Niemand kan ontken dat daar dubbele standaarde in ons sisteem is nie. Daar is nog dikwels so 'n ding soos 'n 'swart' en 'wit' praktyk. Hierdie dubbelsinnigheid is nie universeel nie, maar dit kom wel in die privaat- en owerheidsektor voor. Wanneer ons hierdie probleem aanspreek, is ons besig om een van die skakels in die spiraal van geweld te breek. Sodoende sal ons voorkomend te werk gaan, en nie net die slagoffers van die probleem behandel nie.

Sam Fehrsen